


# Brokkies inligting

Brokkies is die Afrikaanse Klub van Nieu-Seeland se weeklikse elektroniese nuusbrief wat reeds aan meer as 2500 gesinne gestuur word. Ons lesers is nie net in Nieu-Seeland nie, maar versprei oor die hele wêreld. Brokkies se leserstal groei weekliks soos ‘n toenemende getal mense belangstel in die Suider-Afrikaanse Kiwis se doen en late.

Die nuusbrief is gratis en bevat weekliks interessante artikels oor plaaslike Suider-Afrikaanse immigrante se doen en late (en prestasies), gemeenskapsnuus soos konserte, basaars en danse wat gereël word, werkgeleenthede, volledige besonderhede van alle Afrikaanstalige kerkdienste in Nieu-Seeland, persoonlike en besigheidsadvertensies.

**Advertensie-inligting**

Ons plaas ‘n soort "classifieds", dus is daar nie ruimte vir te veel omskrywings en bykomstighede nie. Ons woordbeperking is 50 - 60 woorde met ‘n kort maar treffende opskrif. Dan kan belangstellendes met die adverteerder in verbinding tree by die telefoonnommer of e-posadres wat in die advertensie verskaf is en vra vir die detail wat dan aan hulle kan deurgee kan word. Adverteerders kan natuurlik ook hul webblad in die advertensie noem waar meer besonderhede beskikbaar is. Dit is dus net 'n punt van eerste kontak.

Advertensie-tariewe word in twee kategorieë ingedeel: langtermyn- en korttermyn-adverteerders

Permanente of langtermyn-adverteerders is adverteerders wat minstens 25 plasings per jaar doen en hulle betaal $10 per plasing. Sporadiese adverteerders betaal $15 per plasing.

Wanneer ‘n advertensie aanvaar word vir plasing, stuur ons vir die adverteerder ‘n e-faktuur met betalingsopsies en bankbesonderhede en sodra die betaling gedoen is, plaas ons die advertensies vir die aantal kere waarvoor gevra is.